

# **Studiebrief 201/2/2012**

## **Inklusiewe Onderwys A**

**ETH302S**

**EKSAMENRIGLYNE**

**Semester 2**

**Departement Onderwysersopleiding**

Hierdie studiebrief bevat belangrike  
inligting oor die module.

Bar code

Die inhoud van hierdie studiebrief hou verband met die temas van die kurrikulumuitleg van hierdie module en is ook gegrond op die *EDUCATION WHITE PAPER 6: SPECIAL NEEDS EDUCATION BUILDING AN INCLUSIVE EDUCATION AND TRAINING SYSTEM* (Department of Education, 2001). Raadpleeg Studiebrief 501 en ander dokumente van die Departement van Onderwys.

ETH302S-studente moet die voorgeskrewe boek bestudeer van Engelbrecht, P, Green, L, Naicker, S & Engelbrecht, L. 2009 (of enige ander datum). *Inclusive education in action in South Africa*. 8<sup>th</sup> druk (of enige ander druk). Pretoria: Van Schaik.

Aanbevole boeke, bv Landsberg en dokumente van die Departement van Onderwys.

**U studiemateriaal is met die volgende aangevul:**

- Studiebrief 101, wat die riglyne en die werkopdragte vir hierdie module bevat.
- Studiebrief 501, wat 'n opsomming bevat van die *EDUCATION WHITE PAPER 6: SPECIAL NEEDS EDUCATION- BUILDING AN INCLUSIVE EDUCATION AND TRAINING SYSTEM* (Department of Education 2001). Hierdie studiebrief bevat inhoud wat u saam met u moet bestudeer saam met u voorgeskrewe boek, aanbevole boek en Studiebrief 101 en 501.

• **1 TERUGVOERING OP WERKOPDRAGTE**

• **Werkopdrag 01**

- 
- U het reeds die antwoorde op Werkopdrag 01 ontvang, wat elektronies nagesien is.
- Studente het nie baie probleme met hierdie werkopdragte ondervind nie en ek was beïndruk met die gehalte van die antwoorde. Terugvoering is gegee aan student wat dit benodig het. Gebruik hierdie studiebrief om inligting by u antwoorde te voeg indien nodig.

**Werkopdrag 02**

**Noem u land, spesialisingsgebied en of u 'n sielkundige in opleiding is**

Voorskoole leerders Babas Voorskools	0-3 jaar 3-5 jaar	Terreingebaseer, bv Huisgebaseer/Sentrumgebaseer Kinderversorgingsentrum
Grondslagfase Resepsiejaar Graad R Graad 1-3	5 jaar 6-9 jaar	Terreingebaseer OD-sentrum Gewone primêre skool
Graad 4-6 Intermediêre fase Graad 7-9 Senior fase Graad 10-12 FET	10-12 jaar 13-15 jaar 16-19 jaar	Gewone primêre skool Primêre & sekondêre skool Sekondêre skool

## **Toenemende belang van inklusiewe onderwys: bladsy 3, Studiebrieff 501**

### **Implikasies van inklusiewe onderwys**

#### **Implikasies vir die onderwyser**

**Opleiding** – onderwysers moet in inklusiewe onderwys bemagtig word

**Positiewe houding jeens inklusiewe onderwys** - om leerders met uiteenlopende behoeftes te kan akkommodeer en ondersteun, moet onderwysers diegene wat "anders" is, aanvaar.

**Differensieer die kurrikulum**, bv beplan 'n leerondersteuningsprogram.

**Werk saam met belanghebbers**, bv gesondheidsdienste (verpleegsters, dokters, ens), maatskaplike dienste, gemeenskap, NRO's, ens.

#### **Uitdagings vir die onderwyser**

Ondersteun inklusiewe onderwys, bevorder en versterk bewustheid, aanvaar diversiteit, verander persepsies en houdings, staak diskriminasie, skenk aandag aan **alle leerders** se struikelblokke en behoeftes, **aanvaar mense wat voor uitdagings te staan kom.**

#### **Huislike omgewing**

Verskeie faktore kan in die huislike omgewing teenwoordig wees wat die leerder beïnvloed, afhange van die konteks. Faktore in landelike Limpopo sal nie noodwendig dieselfde wees as dié in Pretoria nie. 'n leerder in landelike Limpopo word hoofsaaklik deur armoede en niebeskikbaarheid van skoolhulpbronne beïnvloed, terwyl 'n leerder in Pretoria eerder kan ervaar dat ouers te besig is om hulle met hul skoolwerk te help en ondersteun. As u 'n sielkundige in opleiding is, is dit veral belangrik, aangesien sommige van u kliënte leerders kan wees wat sulke struikelblokke tot leer ondervind.

### **Faktore in die onderwysstelsel kan struikelblokke tot leer tot gevolg hê**

#### **Bronferbrenner se Ekosistemiese model**

##### **Makrovlakbeleide**

**Eksostelsels** - verwys na die omgewing waarin die ontwikkelende leerder nie regstreeks betrokke is nie, bv onderwysstelsel, ouers se werkplek.

**Mesostelsel** - die verhoudings wat in die mikrostelsel ontwikkel en bestaan, bv portuurgroep, familie

**Mikrostelsel** - die onmiddellike omgewing waar proksimale prosesse plaasvind, bv skool.

**Bladsy 10, Studiebrieff 501, Verskillende leerbehoefte kan ook ontstaan weens ....**

Bespreek aan die hand van voorbeelde die **oorsake** van struikelblokke tot leer wat **binne** die leerder lê en noem die **manifestasies** daarvan. Die onderstaande tabel sal dit makliker maak.

<b>Oorsake wat binne die jong leerder lê (voorheen intrinsieke oorsake genoem)</b>	<b>Voorbeelde van oorsake</b>	<b>Manifestasies</b>
<b>Prenataal</b>	Noem <b>prenatale oorsake</b> van inperkings: ( <b>breinskade</b> ) Bestraling, skadelike infeksie van die moeder, 'n defektiewe plasenta, onversoenbaarheid van bloedgroepe	Voorbeelde van die manifestasies van inperkinge wat deur prenatale faktore veroorsaak word: Gehoor-, visuele en intellektuele inperking
<b>Perinataal</b>	Noem <b>perinatale oorsake</b> van inperkings (tydens geboorte): ( <b>breinskade</b> ) Komplikasies by geboorte	Voorbeelde van die manifestasies van inperkinge wat deur perinatale faktore veroorsaak word: Gehoor-, visuele en intellektuele inperking
<b>Postnataal</b>	Noem <b>postnatale oorsake</b> (ná geboorte):  ! Ongelukke, ! Siektes - meningitis, polio	Voorbeelde van die manifestasies van inperkinge wat deur postnatale faktore veroorsaak word:  Weens ongelukke: Sintuiglike verliese, benodig 'n rolstoel of krukke om te beweeg. Lys chroniese siektes, permanente verlamming van die spiere, epilepsie, serebrale gestremdheid.

**Struikelblokke buite die leerder**

**Omgewingsfaktore, sosio-ekonomiese faktore, skoolfaktore, ens**

**OPSIE 2**

## VRAAG 2

### 2.1. Identifiserings- en assesseringsprosedures

Intuisie, keuring, waarneming, luister, vraagstelling, skoolverslae en -rekords, onderhoude met ouers, onderhoude met ander onderwysers, portefeulje-assessering, ens.

### 2.2. Komponente in die beplanning of ontwerp van 'n leerondersteuningsprogram

Beplanning - betrokkenheid by ander persone en bemagtiging, beplanning van deurlopende assessering

Aanpassing en wysiging van die kurrikulum en inhoud, bv aanpassings van die uitkomste, wysigings aan die skoolomgewing, wysiging van onderrig

Assessering - kennis, vaardighede, houdings teenoor leerders wat struikelblokke tot leer ervaar

### 2.3. Leerondersteuningstrategieë

Koöperatiewe leer, portuurgroepmediasie, die gebruik van tegnologiese media, individuele ondersteuning in die klaskonteks, differensiering van aktiwiteite of werkopdragte

### 2.4. Institusionevlakondersteuningspan

Die institusionevlakondersteuningspan (*Institutional Level Support Team* of ILST) is die struktuur in die skool met die primêre rol om 'n leerder-en-onderwyserondersteuningstelsel te koördineer deur die gebruik van 'n verskeidenheid assesseringsmetodes, -instrumente en -tegnieke aan te moedig, waardeur die behoefte aan formele assessering verminder word. In hierdie studie word die ILST soms ook die SBST genoem (*School-based Support Team*), soos dit aanvanklik genoem is toe die Witskrif 6 bekendgestel is. (DoE 2001:29). Hierdie struktuur sal die onderrig-en-leerproses ondersteun deur die behoeftes van die leerder, die onderwyser en die instelling te identifiseer en te bevredig. Die kernlede van die ILST is die skoolhoof (ex officio), die departementshoof, onderwysers in die grondslagfase en senior fase en onderwysers met gespesialiseerde vaardighede en kennis in leerondersteuning, lewensvaardighede en berading, asook 'n verteenwoordiger van die skoolassesseringspan en leerder-onderwyserondersteuningsmateriaal (DoE 2001:29).

**2.5. Bemagtiging van ouers/versorgers** – vir selfondersteuning van familie, om die ontwikkeling van hul leerders met struikelblokke tot leer te verseker, ter voorbereiding vir lewenslange aanpassings deur die leerder se familie

**2.6. Verskeie leerkontekse volgens Witskrif 6 - spesiale skole, volledienskole, hoofstroomskole, ens**

## EKSAMENRIGLYNE: INKLUSIEWE ONDERWYS A AFDELING A:

**Vraag 1, 2 en 3 is verpligtend.**

1. Meerkeusevrae - verwys na werkopdragvrae en vorige eksamenvraestelle in hierdie module. Maak seker dat u vertrouwd is met die dokumente van die nasionale onderwysdepartement, wat in die studiebriefe vir hierdie module genoem word.
2. Waar/onwaar-vrae – Verwys na vorige eksamenvraestelle in S1 en S2 van hierdie module en let op die stelling “**foutief**” in hierdie vrae.
3. Fokus op die vraag – **VIJF** subvrae – beantwoord **DRIE** van die **VIJF**.
  - 3.1 U moet uself in die konteks waar u studeer, kan plaas - noem die fase van u spesialisering en die begrippe/wanbegrippe van gemeenskappe teenoor leerders met **siektes soos MIV/vigs**.
  - 3.2 Fokus op u onderwyspraktyke en die leerders wat deur **MIV/vigs beïnvloed** word.
  - 3.3 Bespreek inklusiewe kleinkindonderwys/benadering in bepaalde tipes skole.
  - 3.4 Identifiseer en bespreek onderwysers se take, verantwoordelikhede, struikelblokke tot leer en fases van spesialisering.

## AFDELING B

Daar is TWEE vrae (4 en 5). Beantwoord hetsy vraag 4 OF vraag 5.

### VRAAG 4

- 4.1. Leerondersteuning, belangrike aspekte vir beplanning van die ondersteuningsprogram, aangepaste strategieë vir die hele klas om leerders wat struikelblokke tot leer ervaar te akkommodeer.

Daar is 'n stelling oor 'n bepaalde aandagsindroom - vrae sal oor hierdie stelling gevra word met betrekking tot:

- a) huis-, skool- en sosiale omgewing
- b) leeromstandighede in so 'n omgewing
- c) leerstrategieë onder sulke omstandighede

**OF**

**VRAAG 5**

- 5.1 'n Kortvraagstelling oor **struikelblokke tot leer** word gegee. U antwoord op hierdie stelling kan 'n ja/nee wees, maar u moet ook u antwoord motiveer met 'n tersaaklike verduideliking en voorbeelde van die bepaalde struikelblokke tot leer in daardie spesialiseringfase.
- 5.2. Identifiseringsprosedures wat u kan gebruik vir die vroeë identifisering van leerders wat struikelblokke tot leer ervaar
- 5.3. Ken verskillende aangepaste tegnieke asook die voordele en nadele daarvan, wat gebruik kan word om leerders te assesser, bv formele waarneming, die hou van 'n portefeulje en die voer van onderhoude.

**Inligting om te onthou****Struikelblokke tot leer*****Intrinsieke struikelblokke:***

Sensories

Fisies

Epilepsie

Chroniese siektes – diabetes, TB, asma, MIV/vigs

Intellektueel gestremde leerders

***Eksterne struikelblokke:***

Sosio-ekonomiese konteks - misdad, mishandeling, bendebedrywighede, tienerswangerskappe

Skool - onderwyser, geriewe, taal en kultuur, bestuur, leerprobleme, gedragsprobleme

Politieke faktore

Stelsels van leerders belangrik; behoeftes in die stelsel; hoe om behoeftes te beantwoord en minimeer. Kyk na wat leerders kan doen.

Soek na moontlike oorsake van struikelblokke.

**Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys**

Voorsiening van onderwys:

- 1 Gewone skool  
Vroeë identifisering, ingryping - personeel opgelei om dit te doen
2. Vollediensskole - uiteindelik 500 uit die 20 000 kole in die land  
Volle omvang van leerders se behoeftes in skole bevredig
3. Spesiale skole - hulpbronsentrums  
Verbeter, opgradeer skole, personeelspesialiste

4. Distrikgebaseerde ondersteuningspanne  
Koördineer professionele ondersteuning, begin met 30 distrikte - nasionale plan  
Leerderondersteuner-onderwysers in distrikskantore gebaseer
5. Leerders met gestremdhede buite die skool

### **Intensiteit van ondersteuning**

1. Gewone skole, lae intensiteit van ondersteuning. Identifisering in die grondslagfase en lae ondersteuningsvlakke.
2. Vollediensskole - matige, gemiddelde ondersteuning. Dit is gewone skole, wat toegerus is om leerders te ondersteun. Dit moet in die skool se kultuur, beleid, praktyke en etos weerspieël word. Die regering verskaf infrastruktuur en wat anders ook al benodig word.
3. Spesiale skole - hoë intensiteitsvlak van ondersteuning; word hulpbronsentrums.

Ons kan praat oor skoolgebaseerde ondersteuningspanne, instellinggebaseerde ondersteuningspanne of terreingebaseerde ondersteuningspanne. In gewone skole verwys onderwysers leerders na hierdie spanne. As hulle nie kan help nie, word distrikte vir opsionele ondersteuning ingeroep.

### **DUUR VAN DIE EKSAMENVRAESTEL**

Die eksamen vraestel is twee ure lank. Maak seker dat u u tyd goed benut. Gebruik die eerste paar minute om sorgvuldig deur die hele vraestel te lees. Beplan en organiseer u antwoorde voordat u begin skryf.

### **PRAKTIESE VOORSTELLE**

Hier is 'n paar praktiese voorstelle wat nuttig te pas kan kom:

- Beplan u eksamenvoorbereiding sorgvuldig.
- Begin betyds studeer. Moenie dit tot net voor die eksamen los nie.
- Maak seker dat u omgewing leer bevorder en nie belemmer nie. Die plek waar u studeer, moet stil wees - probeer om geraas en steurings te vermy.
- Beantwoord die selfassesseringsvrae aan die einde van elke hoofstuk. Hierdie vrae gee 'n goeie aanduiding van u begrip en kennis van die studiemateriaal.
- Bestudeer u werk sodat u verstaan wat u geleer het. Moenie bloot u aantekeninge memoriseer nie.
- Hersien gereeld die werk wat u reeds behandel het. Teken geheuekaarte.



- Probeer genoeg slaap kry sodat u nie fisies uitgeput is wanneer u moet studeer of eksamen skryf nie.
- Wees kalm en ontspanne. U moet behoorlik voorberei en betyds by die eksamenlokaal wees. 'n Student wat moet jaag om betyds te wees, kan nie kalm wees nie.
- Lees aandagtig deur die vrae en onderstreep die sleutelwoorde sodat u seker is dat u verstaan wat van u verwag word. Selfs al neem dit u 10 minute om eers deur die eksamenvraestel te lees, mors u nie u tyd nie.
- Moenie deurmekaar raak as 'n vraag ander geformuleer is as wat u verwag nie. Vrae word soms anders geformuleer juis sodat u sorgvuldig oor die antwoord moet dink.

**ALLES VAN DIE BESTE!**

**Mev D Mahlo**

**[mahlofd@unisa.ac.za](mailto:mahlofd@unisa.ac.za)**

**Kantoor AJH 6-56**

**012 429 4002**